# HEBREËRS 13

## TEMA: VERSKILLENDE VOORSKRIFTE

**Oordenking deur: Gert du Plessis** (*Kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 13

**Heb 13:1 Die broederliefde moet bly.**

**Heb 13:2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.**

**Heb 13:3 Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het.**

**Heb 13:4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.**

**Heb 13:5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.**

**Heb 13:6 Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?**

**Heb 13:7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.**

**Heb 13:8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.**

**Heb 13:9 Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.**

**Heb 13:10 Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie;**

**Heb 13:11 want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand.**

**Heb 13:12 Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.**

**Heb 13:13 Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.**

**Heb 13:14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.**

**Heb 13:15 Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.**

**Heb 13:16 Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.**

**Heb 13:17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.**

**Heb 13:18 Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel.**

**Heb 13:19 Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word.**

### Heilwense en groete.

**Heb 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,**

**Heb 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle**

-o0o-

**ewigheid! Amen.**

**Heb 13:22 En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe.**

**Heb 13:23 Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom.**

**Heb 13:24 Groet al julle voorgangers en al die heiliges. Die wat van Italië is, groet julle.**

**Heb 13:25 Die genade sy met julle almal! Amen.**

**-o0o-**

.
Die boek Hebreërs gaan oor die nuwe Verbond, wat **in** Christus Jesus **met** Sy liggaam volbring is.
As ons na hoofstuk dertien kyk, sal ons sien dat dit riglyne is oor hoe om sekere dinge in hierdie Verbond te doen. Die punte wat die skrywer van die boek Hebreërs uitwys, moet ons getuienis wees dat hierdie Verbond in ons lewe.

**NAASTE LIEFDE**
**Heb 13: 1 DIE broederliefde moet bly.**
Ons moet een ding baie mooi verstaan. Die hele nuwe Verbond is 'n liefdesverbond wat God die Vader gehad het met die mens, wie Hom verstoot het, om met Hom versoen te word. Dit is waaroor alles gaan. Die hele basis en alles bestaan uit liefde, soos in Joh. 3:16 beskryf.
**Johannes 3: 16** Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die broederliefde is die basis van die getuie van hierdie hele verbond.
**Matthéüs 22: 37** En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
Matt 22: 38 Dit is die eerste en groot gebod.
Matt 22: 39 En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.
Matt 22: 40 Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.

Ons moet die Here ons God lief hê met ons ***hele hart, hele siel en hele verstand*.** Hiermee gelyk is die opdrag dat jy jou naaste moet ***liefhê soos jouself*.** Die een kan nie bo die ander wees nie. As jy my nie lief het nie, kan jy nie sê dat jy God lief het nie. As jy sê jy het God lief, dan het jy jou naaste lief. Daar is nie 'n verskil nie. Jy respekteer hom. As jy Jehova liefhet, sal jy alles wat God Jehova geskape het en wat Syne is, respekteer.

**GASVRYHEID**
**Heb 13: 2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.**
Onthou gasvryheid is een van die dele van die vrug van die Gees in Galásiërs 5. Ek sien dit so baie ontbreek tussen die kinders van die Here. Kinders van die Here ontvang meer mense van die wêreld, as wat hulle kinders van die Here ontvang. Gasvryheid ontbreek in die kind van God se lewe, want dit gaan nog net oor myself, my eie ding en ek vergeet die gasvryheid.

Ek kom weer terug na dit waarvan ek gepraat oor die belofte wat ons maak. As ons aan 'n kind van God 'n belofte maak, dan maak ons dit aan God Homself. As ons gasvry is teenoor mekaar, is ons gasvry teenoor God.

- Onthou, ons doen alles in Sy naam.
- Alles wat ons doen, doen ons vir Hom.
    - Ons doen dit wel aan die mens, maar ons doen dit vir Hom.

-o0o-

Om hierdie Verbond uit te kan lewe, sal ek aan jou bewys hoe gasvry ek is teenoor jou. Ek sal ten alle koste jou help en gasvry teenoor jou wees. Daarom, in ons bediening, sodra daar mense in die bediening kom, maak ons 'n punt daarvan om hulle in die bediening te verwelkom. Jy is veronderstel om gasvry te wees en om my te verwelkom in jou huis wanneer ek aan jou deur klop. Dit is wat ons in die liggaam van Christus moet doen, deur mense te verwelkom in Sy Liggaam.

Wees versigtig wie jy wegwys, want jy kan ***sonder om dit te weet, engele as gaste*** wegwys of aanneem. 'n Mens moet ook nie halsoorkop gaan en enige persoon in jou huis nooi nie. 'n Mens moet ook veilig wees, en vandag se lewe is maar 'n rowwe lewe. Ons kan nie vandag sommer maar net mense in ons huis innooi nie, maar ons kan ten minste vriendelik en liefdevol teenoor almal wees.

**MINDER BEVOORREGTES**

**Heb 13: 3 Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het.**

Ek dink dit spreek vanself.

**HUWELIKSVOORSKRIF**

**Heb 13: 4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.**

Respekteer die een *(jou eggenoot)* wat God in jou hande geplaas het. Respekteer daardie tempel. Onthou dit was nog nooit jou vrou nie; dit was nog nooit jou man nie.

- Dit was nog altyd die Heilige Gees se tempel, wat Hy aan jou sy gesit het,
- Sodat daardie tempel, 'n deel van die eenheid en in die raadsplan van God kan vorm.

Dit is net 'n middel tot 'n doel. Jy het nie die reg om met daardie tempel te maak soos wat jy wil nie. Jy moet dit respekteer, want dit bly nog steeds God se tempel.

Hy sal ***hoereerders en egbrekers oordeel***. Respekteer wat God gesê het. Hierdie is net riglyne wat die skrywer gee, om die Verbond uit te lewe. As dinge nie in ons lewe sigbaar is nie, kan ons nie sê dat ons in die Verbond lewe nie.

**FINANSIES**

**Heb 13: 5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.**

Dit is hartseer om te sien hoe kinders van die Here vir mekaar lieg, bedrieg en inloop, net om die volgende sent uit 'n ander een te kry. Hulle verbreek beloftes aan mekaar, net om hulleself te verryk en meer te hê, nadat hulle alreeds soveel het. Ek weet waarvan ek praat. Dit breek 'n mens se hart. Een van die punte wat hy uitlig is, dat as jy geldgierig is, is jy nie deel van die Verbond nie. Jou gedrag moet ***vry van geldgierigheid wees***.

- Vertrou op die Here. Hy sal vir jou sorg.

**RESPEKTEER DIE VOORGANGERS**

**Heb 13:6 Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen?**

**Heb 13: 7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.**

Hierdie is 'n baie groot ding. God die Vader het vaders en moeders, geestelike voorgangers, daar geplaas. Hoe respekteer ons die mense wat ons gehelp het tot 'n sekere doel? Uit ondervinding weet ek waarvan ek praat. Mense loop vandag en sê die lelikste goed van ons en dan weet ek dat dit mense

is wat deur hierdie bediening vry gemaak is en dat hulle deur hierdie bediening by die Here uit gekom het. Die Here het hierdie bediening gebruik, ons gebruik, om mense se lewens te verander en dan dink hulle dat hulle kan maak soos hulle wil. Hulle kruisig mense en vertel die vieslikste, lelikste goed oor 'n bediening. Respekteer die wat saad in jou lewe gesaai is.

- Respekteer die vaders en die moeders wat God in jou lewe geplaas het.

Indien hulle vandag nie meer deel van jou lewe is nie, kan jy hulle nie verwerp nie. Daar is mense, wat vroeër jare baie groot werk in my lewe gedoen het, maar vandag nie meer deel van my lewe is nie. Nogtans, was dit nie vir hulle nie, sou ek vandag nooit gewees het waar ek nou is nie. Ek kan hulle nie nou verwerp omdat hulle nie meer deel van my lewe is nie.

- As jy sulke mense verwerp, verwerp jy die boustene wat God in jou lewe geplaas het.
  - Die Bybel stel dit duidelik jy is dan nie deel van die Verbond nie.

So waar staan ons nou al?
**Jy is nie deel van die Verbond indien jy**:

- nie die broederliefde nie het nie,
- nie gasvry is nie,
- nie aan die gevangenes en medegevangenes dink nie,
- nie die huwelik respekteer en die bed onbesmet hou nie,
- nie vry is van geldgierigheid nie,
- nie op die Here vertrou om alles vir jou te gee nie,
- nie op die Here vertrou dat Hy jou helper is en dat jy nie hoef te vrees nie,
- nie die voorgangers, manne en vroue wat God in jou lewe geplaas het, om jou lewe te bou en te struktureer, respekteer nie.

**BLY STANDVASTIG**

**Heb 13: 8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.**

**Heb 13: 9 Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.**

Ek noem hierdie saak die "groen gras evangelie". Dit is soos skape wat na 'n droogte net na die groen grassies kyk. Die boere sal weet waarvan ek praat. As dit gereën het, hardloop die skape na elke groen grassie. Hulle sien nie die volle prentjie in sy geheel nie.

Die mens hardloop na die volgende groen grassie toe, omdat hy nie die volledigheid van die evangelie het nie. Elke ou wat oor sy drumpel kom is maar net weer deel. Ek het dit al soveel maal in my lewe gesien. Hy hardloop agter elke Jan Rap en sy maat aan. Sodra daar 'n nuwe pastoor kom, is almal daar in sy kerk en so hardloop hulle agter elke groen grassie aan. Dit is die groen grassie evangelie. Dit is waarvan hy praat as hy sê moenie ***rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie***.

- Word deur die evangelie versterk.
- Bou die verbond.
- Bly in beheer van jou lewe, deur die leiding van die Heilige Gees.
- Laat die Gees van God daardie geestelike voedsel in jou lewe standvastig maak.
- Gebruik die Woord as die boustene in jou lewe

**BELONING**

**Heb 13: 10 Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie;**

**Heb 13: 11 want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word — hulle liggame word buitekant die laer verbrand.**

Jy is net ‘n bousteen in die Koninkryk. Moenie nou roem, status, eer, rykdom en al hierdie dinge soek nie.

- Ons loon lê nie hierdie kant nie.
- Die Leviet se loon lê aan die ander kant.

Moenie nou al hierdie dinge gaan najaag nie, want dit is nie nou tyd vir die loon nie. Dit is nou die tyd om te funksioneer met dit wat God in jou hande geplaas het. Die wêreld kan vir jou niks bied nie.

- Bly in die wil van God.
- Funksioneer in die wil van die Here, met dit wat die Here in jou lewe geplaas het.

Die dag wanneer jy voor die Vader verskyn, sal jy sien watter loon jy gaan ontvang!

**Heb 13: 12 Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely.**

Onthou, selfs Christus Jesus het nog nie die loon ontvang nie. Christus Jesus self, sal eers Sy loon ontvang sodra die Bruid met Hom verenig is. Die eenheid, die verbond, die eenwording van die Bruidegom met die Bruid, sal dan geseën word deur die Vader en dan daarna, sal die ewigheid eers oorhandig word. Ons sal dan eers erfgename van God en mede-erfgename in Christus Jesus wees. Dan eers is die loon daar. Dus, selfs Christus het nog nie Sy loon ontvang nie maar Hy sal dan eers dit ontvang.

**Heb 13: 13 Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.**

So laat ons net Sy voorbeeld volg.

**Heb 13: 14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige.**

Hy sê hier dat ons die toekomstige moet soek, want ons het geen blywende reg nie. Alles is net tydelik, aangesien hierdie hemel en hierdie aarde vernietig gaan word. Ondersoek dit gerus in die boek Openbaring. Moenie nou hier bou, met dit wat tot niet gemaak gaan word nie. Funksioneer met dit wat God die Vader vir jou gegee het.

**Matt 25: 21: En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**

Belê dit wat God vir jou gegee het in die Koninkryk, volgens Sy wil. Woeker en werk daarmee, dan as jy eendag voor Hom staan, sal jy ook kan hoor mooi so**,** ***goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.*** Daar in die ewigheid kan ons dan ons erfporsie ontvang wat verewig sal hou, want hierdie kant is alles tydelik.

**LOFOFFER**

**Heb 13: 15 Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.**

Hierdie is die groot ding. Laat ons gedurig deur, nie partykeer nie, ***'n lofoffer bring*** aan God Dit is daardie weerkaatsing wat Christus na die Vader toe gehad het, Sy spieëlbeeld. Laat ons gedurig deur Christus weerspieël. Deur dit in Sy naam te bely, sal ons lewe ‘n spieëlbeeld wees van Sy Naam.

Ons bely nie net Sy Naam met ons mond nie. Ons bely Sy Naam met ons lewe. Ons lewe moet getuig dat ek nie meer leef nie, maar Christus Jesus lewe in my. Ek moet die getuie kan wees van Sy opstanding en Sy lewe. Ek moet die getuie wees dat Hy die Christus, die Een en alles is. Hy is die eersgeborene.

-o0o-

**SIGBARE VRUG**

**Heb 13: 16  Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers.**

Sien julle die kwalifikasies?  Dit is die sigbare vrug wat uit ons lewe moet funksioneer, sou ons sê dat ons deel van die verbond is.

**VOORBIDDERS**

**Heb 13: 17  Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.**

Julle moet hierdie vaders en moeders, wat God die Vader oor julle geplaas het, respekteer en vir hulle bid.  Dit is hulle wat vir julle en vir die kinders gedurig intree en bid.  Vaders en moeders bid vir hulle kinders, vir die mense, vir die bediening en vir gemeentes.  Hulle dra almal op aan die Here.  Moenie vir hulle probleme veroorsaak nie.  Moenie dat hulle dit ***al sugtende*** doen nie, sê die Woord, maar laat hulle dit uit vreugde en blydskap doen.  Dit is tot julle voordeel dat hulle vir julle intree.

**Heb 13: 18  Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel.**

**Heb 13: 19  Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word.**

**Heb 13: 20  MAG die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,**

**Heb 13: 22  En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe.**

**VERBOND VEREISTES**

Om hierdie verbond te vervul, moet ons al hierdie vereistes nakom, wat natuurlik ontsettend moeilik is. Dit is ‘n prys om te betaal en iets om na te streef, want ‘n verbond is juis ‘n verbond wat ons nie kan maak nie.  Daarom kan ek en jy nie ‘n verbond met mekaar maak nie.  God alleen maak ‘n verbond met die mensdom.  Dit is wel baie moeilik om ‘n verbond te vervul, maar jy kan dit doen deur die leiding van die Heilige Gees, deur Hom te vertrou om jou te help.  Die Amplified verduidelik dit baie mooi.

**AMPC: Amplified Bible, Classic Edition**

**Heb 13:20  Now may the God of peace [*Who is the Author and the Giver of peace*], Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the blood [*that sealed, ratified*] the everlasting agreement (covenant, testament),** [Isa_55:3; Isa_63:11; Eze_37:26; Zec_9:11] AMPC.

Hy is die Outeur en hy is die Gewer van vrede.  In Psalm 139, praat hy van die boek wat geskrywe is oor ons lewens.  Ek het dit al voorheen in die leringe gehad.

**Psalm 139: 16  Your eyes saw my unformed substance, and in Your book all the days [of my life] were written before ever they took shape, when as yet there was none of them.** AMPC

**Psalm 139: 16  U oë het my ongevormde klomp gesien;  en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

Die bloed van die Lam is die getuie van die verbond tussen God die Vader en my as mens.

- Daardie bloed getuig.

-o0o-

Daardie Outeursboek wat Vader oor jou en my geskryf het, is nie met ink en papier geskryf nie. Dit is met die bloed van die Lam geskrywe, voor die grondlegging van die wêreld.

**Heb 13:21 Strengthen (complete, perfect) *and* make you what you ought to be *and* equip you with everything good that you may carry out His will; [*while He Himself*] works in you *and* accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ (the Messiah); to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). Amen (so be it).**

- Die sleutel is ***carry out His will***.

Ons is nie op hierdie aarde om ons wil te doen nie. Ons is op hierdie aarde in 'n Verbond ingebore en ingeweef tussen die God, die Vader en die mensdom. Die Vader het vir ons alreeds alles gegee, sê die Woord, sodat ek en jy tot vervulling kan bring, dit wat God voor die grondlegging van die wêreld oor ons lewe bepaal het.

Alles is in hierdie Verbond tot vervulling gebring; elke mens het reeds alles ontvang. Jou deeltjie en elke persoon op hierdie aarde, het God alreeds in Sy volkomendheid in hierdie verbond in geplaas.

**Rekenskap**
Die dag wanneer ons voor die Here staan, gaan dit van ons afhang of ons deel gaan wees van hierdie verbond, of nie.
- Het ons ander gode gedien of deel geword van ander verbonde?
- Het ons, ons uitgelewe met dit wat God vir ons gegee het en gedoen wat Hy vir ons gesê het om te doen?
- Het ons, ons plek onder die leiding van die Heilige Gees vervul in hierdie Verbond, ja of nee?
  - ✓ Eers as ons die plek vervul het, sal Hy oor ons kan sê dat ons in die vreugde van die Here kan gaan.
  - ✓ Eers dan sal Hy sê dat ons goeie en getroue diensknegte was.

**Eenheid**
Nou het ons die reg om deel te word van die Een wat die Verbond volbring het, naamlik Christus Jesus. Die sy, die Bruid, die ribbebeen kom dan terug in die kant van die Bruidegom. Dit is waarvoor Christus gesterwe het. Dit is waarvoor die soldaat vir Jesus gesteek het aan sy regter sy, want die water en bloed het daar uitgekom.
- Die getuie, wat die water, die bloed en die gees is, sal terug beweeg in daardie sy, tot binne in sy hart.
- So sal ons dan vir altyd een word met die Here.

Die Vader sal hierdie eenheid wettig verklaar en 'n seën daaroor uitspreek. Ons sal dan onder die seën van die Vader vir ewig saam met Christus heers. My vraag is, waar staan julle in hierdie verbond? Ek het vir julle gegee wat ek kon.

**Oordeel**
Ons redding is net in die ark. Ons redding is net in die Raadsplan, wat die Vader vir ons beplan het. Net in hierdie verbond, het ons die reg om Hom Vader te noem. Het Hy regtig vir ons Jehova, Vader, Here geword? Staan ons in hierdie perfekte, volmaakte verbond wat Hy vir ons gegee het? Buite die verbond is Hy net God, Elohim vir ons. Ek het vir julle die prentjie gestuur.

Onthou, ons het niks meer nodig nie. Christus Jesus is die volkome. Hy het gesê dat dit volbring is. Hy het vir die Vader gesê dat Hy die totale verbond tot vervulling gebring het en dat Hy gedoen het waarvoor die Vader Hom gestuur het. Hy kan niks meer doen nie. Dit hang nou van die mens, self, af of hy in hierdie verbond gaan inkom of nie. Buitekant hierdie ark, hierdie verbond, is daar oordeel mense. Ons kan dit nie wegwys nie.

-o0o-

Onthou, ek het vir julle gegee wat ek kon. Dit wat God se Gees aan my geopenbaar het, het ek vir julle gegee. Ek het hierdie houer (vesel) leeg gemaak. Daar is niks meer in my rondom die verbond wat ek nie met julle gedeel het nie. As julle dit verwerp, is dit julle saak. Julle bloed is dan van my hande af. Ek is onskuldig aan enige iemand wie se bloed sal vloei, as gevolg daarvan dat hulle nie hierdie verbond volbring het nie.

My gebed, regtig, is die gebed wat Jesus vir sy dissipels gebid het. (Johannes 17). Hy het gebid dat hulle sal sien en hoor soos wat aan hulle verkondig is. Hy het gebid dat hulle sal doen en uitlewe, volgens die perfekte wil van God. Soos die voorbeeld wat Christus vir ons gestel het, laat elkeen wat hierdie woord gehoor het, perfek nastreef om dit tot vervulling te bring.

As julle hierdie woord stelselmatig van die begin af deurwerk, sal julle die rykdom van Sy Woord ontvang. Die Here seën elkeen van julle. Mooi dag verder.

-o0o-

Galásiërs 5:22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Gal 5:23 Teen sulke dinge is die wet nie.